RESENSIES

Prof J A Heyns. TEOLOGIE VAN DIE REVOLUSIE. Tafelberg, 1975. 105 bladsye. R4,95

Die bekende dogmatikus van Pretoria gee hierin 'n uitmuntende ontleding en bespreking van die verskillende strominge wat onder die versamelnaam "teologie van die revolusie" saamgevat kan word. Dit is interessant dat die woord "revolusie" self 'n betekenis= revolusie ondergaan het, aangesien dit oorspronklik die reëlma= tige terugkeer van dinge, soos hemelliggame of bestuursvorme aan= gedui het.

Die skrywer toon aan dat om revolusie te kan steun, d w s om 'n Teologie van die revolusie te kan kry, daar eers 'n revolusie van die Teologie moes plaasvind.

Hy gee 'n lyn in die denkstrominge wat sowel na aantal as aard uiters verwarrend is, en toon aan hoe die revolusie nooit tot rus kan kom nie. Ook behandel hy die neo-marxistiese beinvloeding, soos deur H Marcuse en E Bloch.

Daar het 'n sekularisering, humanisering, etisering, ideologise= ring, politisering en futurisering van die teologie plaasgevind. Die beskouing aangaande God, Jesus, mens en kerk is grondig aan= getas. Pragtig toon die skrywer aan hoedat die revolusieteologie juis die benadering van die Jode laat herleef wat deur Jesus af= gewys is, o a dié van die revolusionêre Selote. Hy lê tereg na= druk op die blywende betekenis van die wet, nie as heilsweg nie, maar as dankbaarheidsweg. Net soos die Jode wil hierdie teologie die mens self laat kies wie sy naaste is, in plaas van onder die radikale eis van Jesus te buig.

Ten slotte wys die skrywer aan die hand van die gelykenis van die barmhartige Samaritaan hoe Jesus juis - anders as genoemde teolo= gie - die mens bokant die strukture stel en hoedat Jesus se eis binne die bestaande strukture kan en moet gehoorsaam word. Ver= andering begin by die mens se hart - bekering - en kring daarvan= daan verder uit.

'n Mooi boekie met 'n aktuele tema en duidelike boodskap. Van harte aanbeveel.

J L H

Dr Piet Meiring. STEMME UIT DIE SWART KERK. Tafelberg, 1975. 178 bladsye.

Gesprekke met dertien geestelike leiers, elk ingelei met 'n kort oorsig oor die betrokke kerk of instansie. Dit bevat ook kerkli= ke statistiek van die verskillende kerke en geloofsrigtings onder Blankes, Kleurlinge, Asiate en Bantoes.

Die term "swart kerk" is seker nie 'n gelukkige keuse nie, want dit is "so wyd moontlik geinterpreteer om ook verteenwoordigers van die Kleurling- en Indiërgemeenskappe in te sluit". Of dwing

hierdie benaming ons alreeds tot selfondersoek, nl dat ons wel maklik die negatiewe term "nie-blankes" gebruik vir almal wat nie wit is nie, maar terugskrik vir die konsekwensie daarvan, nl om alle nie-blankes positief as een eenheid te sien, nl swart?

Die boek voldoen aan die aanspraak op die stofomslag: "Hierdie leiers uit die swart Christelike gemeenskap in Suid-Afrika gesels eerlik en openhartig oor hul werk en ook veral oor die posisie van die swart Christen in ons veelrassige land. Dit is 'n boek wat die leser 'n insae gee in die geestelike klimaat onder die verskillende rasse en kan alleen lei tot groter begrip en weder=sydse respek". Daar is mooi en ewewigtige sienings, daar is ook dié waarby 'n mens jouself moet dwing om die gegewe raad in die voorwoord in gedagte te hou. Dit sluit aan by die woorde van 'n sendeling: "Die Here self het ons toegerus vir ons taak in die wêreld - met *twee* ore en *een* mond. Ons moet dit in dié verhou=ding gebruik". Die boek wil ons twee keer laat luister voordat ons een keer praat.

'n Tema wat telkens na vore kom, is die gevoel by die sprekers dat hulle nie werklik deur die witman as volwaardige mense aan=vaar word nie. Die verwyt word veral teen die Afrikaner en Afri=kaanse kerke gerig dat hulle nie genoegsaam die nood van die swartman insien en iets daaraan doen nie.

Ook voorstanders van Swart Teologie kom aan die woord en gee die leser eerstehandse inligting oor hierdie verskynsel, sowel in die positiewe as negatiewe aanpak daarvan. In laasgenoemde geval kry ons bv 'n gelykskakeling van Ou Testament en tradisionele Afrika=godsdienste, en 'n dualisme van integrasie tussen wit en swart enersyds en radikale skeiding andersyds. Die bydraes word afge=sluit met 'n lesenswaardige toespraak, van Sy Edele kaptein Lucas Mangope, Hoofminister van Bophuthatswana.

J L H